Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Navrae
Me Lenelle Foster
021 808 2166
lfoster@sun.ac.za

# Departement Afrikaans en Nederlands

## Afrikaans en Nederlands 318
### Gevorderde Studie van die Afrikaanse Taal- en Letterkunde

Met Afrikaans en Nederlands 318 sit studente hulle studie van die Afrikaanse en Nederlandse taal- en letterkunde voort.

Studente volg **vier** van die volgende vyf komponente:

- Afrikaans binne meertalige verband
- Afrikaanse prosa sedert 1970
- Afrikaanse taalpraktyk
- Koloniale en postkoloniale Nederlandse literatuur
- Morfonologie

### Opmerkings

1. Afrikaans en Nederlands 278 is ’n voorvereiste vir hierdie module.
2. Afrikaans en Nederlands 318 is nie ’n voorvereiste vir Afrikaans en Nederlands 348 nie.
3. Studente wat ’n Honneurs in Afrikaans en Nederlands wil neem, moet sowel Afrikaans en Nederlands 318 as Afrikaans en Nederlands 348 voltooi.
4. Dit is moontlik dat een van bogenoemde komponente nie in ’n gegewe jaar aangebied sal word nie.

### Metode van assessering

Hierdie module het nie eksamens nie. Besonderhede oor assessering word per komponent deurgegee, maar alle werk in die module is verpligtend. ’n Prestasiepunt word saamgestel uit alle toetse, werkstukke en opdragte wat gedurende die semester voltooi is.

Om die module te slaag moet die student:

- alle werk (toetse, werkstukke, opdragte) in alle komponente voltooi, en
- ’n gemiddelde punt van minstens 50% behaal.